



BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

UITGAWE OP GESAG

OF SOUTH WEST AFRICA

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c

Maandag 26 Maart 1984

WINDHOEK

Monday 26 March 1984

No. 4878

INHOUD:

	<i>Bladsy</i>
PROKLAMASIE	
No. AG. 3 Verklaring van Mondesa tot Goedgekeurde Dorp.	1

CONTENTS:

	<i>Page</i>
PROCLAMATION	
No. AG. 3 Declaration of Mondesa to be an Approved Township	1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 3 1984

VERKLARING VAN MONDESA TOT GOED-
GEKEURDE DORP

Ek verklaar hierby kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) die gebied voorgestel op Algemene Plan G.67 (A.379/82) tot goedgekeurde dorp, en sit die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, in die Bylae uiteen.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal

Windhoek, 9 Maart 1984.

BYLAE

1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet Mondesa.

PROCLAMATION

By the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 3 1984

DECLARATION OF MONDESA TO BE AN
APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area represented by General Plan G. 67(A.379/82) to be an approved township, and set forth in the Schedule the conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted.

W.A. VAN NIEKERK

Adminsitrator-General

Windhoek, 9 March 1984

SCHEDULE

1. NAME OF TOWNSHIP

The township shall be called Mondesa.

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 605 erwe genummer 1 tot 605, twee oop ruimtes genummer 606 en 607 en strate soos aangedui op Algemene Plan G. 67(A.379/82).

3. GERESERVEERDE ERWE

Die volgende erwe word soos volg gereserveer -

- (a) Vir die Goewerment van die Gebied: erwe 1 en 62 vir onderwysdoeleindes.
- (b) Vir die plaaslike bestuur:
 - (i) erf 137 vir hostels vir immigrante-werkers.
 - (ii) erf 138 vir munisipale administratiewe kantore en ander munisipale doeleindes;

4. TITELVOORWAARDES

Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe, buiten dié genoem in paragraaf 3:

- (a) Die erf mag slegs gebruik word vir doeleindes wat strook met, en onderworpe aan, die bepalings van die Dorpsbeplanningskema van Swakopmund wat ingevolge die bepalings van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) ontwerp en goedgekeur is.
- (b) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.
- (c) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding op die erf wees sonder goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.
- (d) Buiten met die toestemming van die plaaslike bestuur, mag geen stene, teëls of erdepype of enige ander artikels van sodanige aard, vir enige ander doel as die oprigting van 'n gebou op die erf, op die erf gemaak word nie.
- (e) Geen beeste, perde, skape, varke, bokke, bobbejane, ape, of wilde-, roof- of trekdier mag op die erf aangehou word nie.
- (f) Die eienaar en enige huurder van die erf is verplig om toe te laat -

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township comprises 605 erven numbered 1 to 605, two open spaces numbered 606 and 607 and streets as indicated on General Plan G. 67(A.379/82).

3. RESERVED ERVEN

The following erven are reserved as follows -

- (a) For the Government of the Territory: erven 1 and 62 for educational purposes.
- (b) For the local authority:
 - (i) erf 137 for hostels for immigrant workers;
 - (ii) erf 138 for municipal administrative offices and other municipal purposes.

4. CONDITIONS OF TITLE

The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven, other than those referred to in paragraph 3:

- (a) The erf shall only be used for purposes which are in accordance with, and subject to the provisions of the Swakopmund Town Planning Scheme prepared and approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954).
- (b) It shall not be permissible to drill or excavate for water on the erf.
- (c) There shall be no obstruction or deviation of any natural course of stormwater over the erf, without the approval of the local authority.
- (d) Except with the permission of the local authority, no bricks, tiles, earthenware pipes or any other articles of a similar nature shall be made on the erf for any purpose other than the erection of a building on the erf.
- (e) No cattle, horses, sheep, pigs, goats, baboons, monkeys, wild beasts, beasts of prey or draught animals shall be kept on the erf.
- (f) The owner and any lessee of the erf shall be obliged to allow -

- (i) dat die waterpyplyne, stormwaterafvoerpipe, rioolpipe of boggrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne, wat die plaaslike bestuur van tyd tot tyd nodig ag, op so 'n wyse en in so 'n ligging soos die plaaslike bestuur van tyd tot tyd na oorlegpleging met die eienaar van die erf bepaal, oor die erf aangelê word;
- (ii) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpipe, rioolpipe of boggrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, tydelik op die erf geplaas mag word;
- (iii) dat enige materiaal wat gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpipe, rioolpipe of boggrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn op 'n aangrensende eiendom uitgegrawe word, tydelik op die erf geplaas mag word;
- (iv) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met sodanige konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpipe, rioolpipe of boggrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn, of enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf te enige redelike tyd mag betree,
- (i) such water pipe-lines, storm water drain pipes, sewer-pipes or overhead or underground electrical supply lines as may from time to time be considered necessary by the local authority, to be constructed across the erf in such a manner and in such a position as may from time to time be determined by the local authority after consultation with the owner of the erf;
- (ii) any material excavated during the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;
- (iii) any materials excavated during the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line on any adjoining property, to be placed on the erf temporarily;
- (iv) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times,

sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar sal wees: Met dien verstande dat enige skade veroorsaak by die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpipe, rioolpipe of boggrondse of ondergrondse kragtoevoerlyn of enige ander werk wat daarmee in verband staan, of enige skade veroorsaak by die plasing op of verwydering van die erf van enige materiaal bedoel in subparagraaf (ii) of (iii), deur die plaaslike bestuur vergoed moet word.

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused at the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto or any damage caused at the placing on or removal from the erf of any materials referred to in subparagraph (ii) or (iii) shall be compensated by the local authority.

- (g) Die eienaar van dié erf moet op eie koste 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, oprig om te verhinder dat deel van die erf in enige straat wat aan die erf grens, val, of andersom, na gelang: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds so 'n keermuur of
- (g) The owner of the erf shall at his own expense, erect a retaining wall or walls approved by the local authority, to prevent any portion of the erf adjoining the street from falling into the street or *vice versa*, as the case may be: Provided that where the owner of the erf has already erected such a

keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, opgerig het en enige straat of strate wat aan die erf grens daarna gemaak of herbou word op so 'n vlak dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur of keermure opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur of keermure verander moet word om te verhinder dat deel van die erf in die straat val, of andersom, na gelang, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen moet word.

retaining wall or walls approved by the local authority, and any street or streets adjoining the erf are thereafter constructed or reconstructed at such a level that as a consequence thereof a new retaining wall or walls have to be erected or that an existing retaining wall or walls have to be altered to prevent any portion of the erf from falling into the street or *vice versa*, as the case may be, such erection or alteration shall be effected at the expense of the local authority.